



**Die Ocmis-spuit sorg al die afgelope ses jaar dat die mense van die Witbank-omgewing weet waar om te kom aanklop vir die eerste groenmielies van die seisoen.**

**A**s jy jou groenmielies eerste op die mark wil hê, kan jy nie wag vir die reën om te kom nie. Dan moet jy jou eie reën maak.

Jumbo van der Merwe van Witbank het hierdie seisoen al op 12 Augustus sy eerste sestien hektaar geplant en die reën het eers teen die einde van Oktober behoorlik uitgesak, maar dit het nie sy C701's gekeer om lekker stewig en hoog te groei en goed te dra nie, want Irrigation Unlimited se Ocmis R2/2-spuit sorg vir die water.

## Ocmis spuit 'n eerste plek in die groenmieliemark los

Jumbo gebruik sy Ocmis nou al ses jaar lank en hy is nog net so tevrede soos die eerste dag toe hy hom gekoop het.

Hy sê hy het op NAMPO vir 'n stelsel gaan soek wat aan sy behoeftes voldoen, want 'n spilpunt sal nie in sy opset werk nie. Die spuit moet verskuifbaar wees tussen verskillende lande en die volume wat geplaas word, moet maklik verstelbaar en akkuraat wees.

Vroeg in die seisoen, as die mielietjies hulle koppe moet begin uitsteek, gooi hy baie water en die katrol se spoed word gestel dat die spuitkarretjie

tot 16 uur neem om sy lopies te voltooi. Later in die seisoen stel hy hom vir so nege uur lank.

“Die lekker ding is, jy stel sy tyd en dan kan jy maar gaan slaap – die Ocmis doen sy werk. Jy kan maar net agterna die pomp gaan afskakel en hom dan skuif na 'n volgende punt op die moederlyn.”

Jumbo sê die onderhoudskoste is minimaal, maar as 'n mens enige navraag het, is Tobie van den Heever en sy span altyd gereed om te help.

Hoewel dit moontlik is om die kanon-spuit met 'n verlengstuk te verhoog, het Jumbo dit nog nie nodig gevind nie. Hy sê hy spuit hoog genoeg en die mielies kry regdeur ewe veel water. “Die ry naaste aan die spuit se toppe word 'n bietjie deur die straal getref voor hy genoeg hoogte kry, maar nie so dat daar skade is nie.”

Praat met Tobie van den Heever by 012-736-2121 of 082-658-6054 of [tobie@iunlimited.co.za](mailto:tobie@iunlimited.co.za) of besoek [www.iunlimited.co.za](http://www.iunlimited.co.za) vir meer inligting oor hulle hele reeks besproeiingstoerusting.



**Jumbo van der Merwe sê die Ocmis-spuit pas presies by sy boerderystelsel in omdat dit verskuifbaar en maklik verstelbaar is.**